

1983

KLEURLINGTUISLAND

Om die haitland van 'n Kleurlingtuisland érens in Namakwaland te skep, sal op sy allerminste vereis dat 'n stedelike en geïndustrialiseerde kompleks met 'n bevolking van sê 1 miljoen mense aldaar gebou sal moet word. Aangesien die landboupotensiaal van Namakwaland baie laag is en aangesien tussen 80 en 90 persent van die Kleurlinge reeds verstedelik is, sal dit noodwendig 'n stedelike en 'n geïndustrialiseerde kompleks moet wees. In die berekening van wat die koste daarvan oor 'n tydperk van 20 jaar sal wees, sal die volgende items in verrekening gebring moet word.

1. Die koste verbonde aan die fisiese verskuiwing van 1 miljoen mense.
2. Die koste verbonde aan die uitkoop van 200,000 Kleurlinggesinne in hulle huidige woongebiede en die bou en vestiging van 200,000 huise in die nuwe kompleks. Om koste te bespaar sal die uitgekopte eiendomme in huidige Kleurlinggroepsgebiede weer aan Kleurlinge verkoop kan word en sal net die hoër koste verbonde aan die bou van huise in die nuwe kompleks die eintlike koste wees.
3. Die stedelike infrastruktuur wat vir 'n miljoen mense vanuit die grond opgebou sal moet word, sal eweneens in verrekening gebring moet word. Maar weer eens sal net die bedrag waarmee die bou van die nuwe kompleks groter as die bou van ooreenstemmende komplekse in huidige gebiede in ag geneem moet word.
4. Die bou van voldoende kommunikasiekanale (insluitende elektrisiteitsvoorsiening) tussen die industriële sentra in Suid-Afrika en hierdie nuwe kompleks in Namakwaland sal uiteraard 'n baie belangrike koste-element wees.
5. Die verskaffing van voldoende water aan 'n stedelike kompleks in Namakwaland gaan ook buitengewone hoë uitgawes verg.
6. Die blanke boere in Namakwaland sal teen hoë koste uitgekoop moet word.
7. 'n Baie belangrike koste-item is die ontwrigtende effek wat so 'n verskuiwing van 1 miljoen Kleurlinge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie gaan meebring. In al vier die groot industriële sentra van Suid-Afrika word reeds 'n groot tekort aan geskoolde mannekrag ondervind en sal daar steeds groot opwaartse mobiliteit van Kleurlingarbeid moet plaasvind indien ons 'n redelike groeikoers in die Ekonomie wil handhaaf. Indien 350,000 Kleurling-werkers (dit is die ekonomies aktiewe gedeelte van die 1 miljoen Kleurlinge wat verskuif sal moet word) na die nuwe industriële kompleks in Namakwaland

verskuif gaan word, sal dit nie alleen ernstige ontwrigtings in die blanke ekonomiese (en veral in Wes-Kaapland) veroorsaak nie, maar sal die vraag na Swartarbeid in die industriële sentra (en veral in Wes-Kaapland) soveel groter word.

8. 'n Belangrike koste item is die direkte koste verbonden aan die skep van lewensvatbare werkgeleenthede by die nuwe gedesentraliseerde nywerheidskompleks in Namakwaland. Die staat sal die nodige beleggings self moet onderneem of buitengewone hoë desentralisasievoordele beskikbaar moet stel.

9. Die hoë administratiewe koste verbonden aan die bou van so 'n kompleks en die administrering en/of regeer van die res van die Kleurlinggemeenskap vanaf die hartland en die groot ondoeltreffendheid wat daaraan verbonden sal wees, moet ook in verrekening gebring word.

Die koste verbonden aan elkeen van hierdie nege items, sal konserwatief bereken die volgende beloop:

1. Verskuiwingskoste teen R5,000 per persoon

$$R5,000 \times 1 \text{ miljoen} = R5 \text{ miljard}$$

Die "koste" verbonden aan die dwang of hoë "omkoopgelde" verbonden aan so 'n verskuiwing, word nie in ag geneem nie.

2. Behuisingskoste van R20,000 wat elk van die 200,000 huise aldaar duurder sal kos

$$R20,000 \times 200,000 = R4 \text{ miljard}$$

3. Die koste van die stedelike infrastruktuur vir 1 miljoen mense wat aldaar gemiddeld R30,000 vir elke huis duurder sal wees

$$R30,000 \times 200,000 = R6 \text{ miljard}$$

4. Die koste van 'n voldoende kommunikasienetwerk met die industriële sentra in Suid-Afrika (insluitende elektrisiteit) kan op R5 miljard gestel word.

5. Die koste van waterverskaffing kan op R5 miljard gestel word.

6. Die uitkoop van blanke boere kan op R2 miljard gestel word.

7. Die ontwrigtende effek op die Suid-Afrikaanse ekonomiese kan (baie konserwatief bereken) op gemiddeld R1 miljard per jaar of op R20 miljard oor 20 jaar gestel word.

8. Die skep van lewensvatbare werkgeleenthede kan op gemiddeld R25 000 per werkgeleenthed gestel word plus 'n verdere R10 000 in die vorm van desentralisasie voordele

$$R35,000 \times 350,000 = R12,25 \text{ miljard}$$

9. Die administratiewe koste en die gebrek aan doeltreffendheid kan op gemiddeld R300 miljoen per jaar gestel word of R6 miljard oor 20 jaar.

Die totale bedrag sal dus R65,25 miljard^{wees} oor die volgende 20 jaar teen huidige pryse bereken.

As so 'n program suksesvol deurgevoer wil word, sal dit oor 'n twintig jaar tydperk minstens R65 miljard kos en dan sal slegs ongeveer $\frac{1}{5}$ van die Kleurlingbevolking in die Kleurlinghartland gevestig wees - d.w.s. R3,25 miljard per jaar of 'n bedrag gelyk aan die verdedigingsbegroting. Indien die voorstanders van die Kleurlingtuisland-idee dit raadsaam ag dat 2 miljoen mense of ongeveer 40% van die Kleurlingbevolking oor 20 jaar in die Kleurlinghartland woonagtig moet wees, sal die koste gemiddeld R6,5 miljard per jaar teen huidige pryse wees !

Die koste verbonde aan die konsolidasie van die meer as 600 Kleurlinggebiede tot eenhede wat administratief 'n bietjie meer sin sal maak uit die oogpunt van die regering in die hartland, is ook nie in ag geneem nie. Indien dit óók moet gebeur, kan 'n verdere ~~R1~~^{R30 miljard} per jaar by die bedrae hierbo gevoeg word. Dan sal die totale koste verbonde aan 'n Kleurlingtuisland waarin net $\frac{1}{5}$ van die bevolking woonagtig is, op ~~R65~~⁷⁰ miljard oor 20 jaar neerkom. Die ~~R65~~⁷⁰ miljard ter wille van 'n Kleurling hartland en ter wille van konsolidasie sal bestee moet word bo en behalwe die bedrae wat jaarliks ter wille van onderwys, gesondheid, welsyn en ontwikkeling op die Kleurlinge bestee moet word. Die besteding van hierdie ~~R65~~⁷⁰ miljard sal dus geen^{sins die} produktiwiteit van die Kleurlinge verhoog, of tot hulle ontwikkeling bydra of hulle armoede verlig nie. Die bedrag van ~~R65~~⁷⁰ miljard sal volledig op die Tuisland-idee "verspil" wees en alle Kleurlinge sal nog net so relatief arm en onontwikkeld wees soos tans.